

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

21 November 2009

Dit reen baie lekker oor 'n grootgedeelte van die land, maar iets wat mense van vergeet is dat groot storms help ons as tuiniers nie baie nie. Sagte reen wat vir 'n paar dae aan hou is beter. Daar is 'n paar goed wat jy wel kan doen om die groter hoeveelhede water te keer of seker te maak dat dit nie alles net weg spoel nie. Die eerste is om die grond om jou plante los te maak sonder om die wortels te versteur nie. Baie keer dan se mense vir my as dit klaar gereën het is die grond nog net so dor en droog maar as jy net die kors van die grond om die plante kan breek gee jy dit die beste kans om in te syfer. Op areas wat die grond spoel en jy 'n erosie problem het kan jy vinnig groeiende grondbedekkers plant of self spoelklippe neerlê en dit sal ook die probleem verminder. 'n baie eenvoudige wenk is om die buite rant van jou gras perk met 'n bolaag te verhoog om die water eerder in jou gras in te laat syfer as om dit net as afvoerwater te verloor.

Ek weet almal is baie besig in hulle lewens, maar iets wat jy nie nou moet oorsien nie is om vir jou bonsais genoeg aandag te gee. Die groot problem nou in die hitte van die somer is dat die plante geweldig vinnig uitdroog omdat dit net so 'n dun lagie grond het. Een keer elke twee weke moet jy eintlik die plant vat en dit geheel en al in 'n emmer water druk en dit vir ongeveer 10min los. Dis verbasend om te sien wat die verskil in die plante se algemene groei is as jy gereeld doen. As jy jou plante so dompel is dit ook die ideale tyd om bonsai kos in die water in te meng en die plante te voer. Die Bonzai's moet een keer elke twee weke gevoer word – Nitrosol of Seagro is natuurlik baie goeie vloeibare Bonzai kunsmis. Jy moet ook ont hou om jou plante gereeld te snoei en as jy nie seker is hoe om dit te doen nie, neem die plant na jou naaste kwekery en kry raad by hulle.

Een van die meerjarige plante wat nou volop blom is die daglelies. Dit blom nie net vir en dag nie maar elke blom hou net vir 'n dag so as jy 'n plant het met tien knoppe op 'n stingel sal jy vir ten minste die volgende tien dae blomme hê. Daglelie blomme is ook eetbaar so as jy dit in 'n slaai gebruik hoef jy glad nie bang te wees as mense die blomme eet nie. Die lekker ding met daglelies is dat dit so maklik blom, min moeite vereis en ongelooflik gehard is.

Garden World het net hierdie naweek 'n daglelie skou aan en verskeie groeiers kom spog met hulle mooi kruisings, ongelooflike groot blomme en unieke kleure. Daar sal ook verskeie plante op spesiale aanbieding wees. Ont hou dis net hierdie na week so as jy daarin belangstel om vir jou iets spesiaal te kry, moet nie die geleentheid misloop nie.

Meeste van die kwekerye het ook al klaar hulle kersbome ingekry so moenie wag tot op die laaste minuut voor jy jou kersboom gaan uitkies nie. Kry dit eerder nou al terwyl daar nog 'n goeie verskeidenheid is om van te kies. As jy iets inheems soek om as 'n kersboom te gebruik, kyk 'n bietjie na 'n geelhout soos byvoorbeeld die Podiocarpus latifolius.